Job 33:14 Want God spreek op een, ja, op twee maniere; maar die mens let daar nie op nie.

Adam

Gen 3:9 Toe roep die HERE God na die mens en sê vir hom: Waar is jy? v.10

Gen 3:12 En die mens antwoord: Die vrou wat U gegee het om by my te wees, sy het my van die boom gegee, en ek het geëet.

Gen 3:17 En aan die mens het Hy gesê: Omdat jy geluister het na die stem van jou vrou en van die boom geëet het waarvan Ek jou beveel het om nie te eet nie—vervloek is die aarde om jou ontwil; met moeite sal jy daarvan eet al die dae van jou lewe.

Kain.

Gen 4:9 Toe sê die HERE vir Kain: Waar is jou broer Abel?

En hy antwoord: Ek weet nie. Is ek my broer se wagter?

Gen 4:11 Daarom sal jy vervloek wees, ver van die grond wat sy mond oopgemaak het om die bloed van jou broer uit jou hand te ontvang. v.12 As jy die grond bewerk, sal dit sy vermoë aan jou nie meer gee nie; 'n swerwer en vlugteling sal jy wees op die aarde.

Bíleam

Num 22:9 En God het na Bíleam gekom en gesê: Wie is die manne daar by jou?

Num 22:28 Maar die HERE het die bek van die esel geopen, en sy sê vir Bíleam: Wat het ek jou gedoen, dat jy my nou al drie maal geslaan het?

Num 22:29 Daarop antwoord Bíleam die esel: Omdat jy die spot met my drywe. Was daar net 'n swaard in my hand—dan het ek jou sekerlik doodgeslaan.

Num 31:8 Ook het hulle die konings van Mídian gedood by die wat hulle verslaan het: Ewi en Rekem en Sur en Hur en Reba, die vyf konings van Mídian; ook het hulle Bíleam, die seun van Beor, met die swaard gedood.

Elia

1 Ki 19:9 En hy het daar in 'n spelonk gegaan en die nag daar oorgebly. En kyk, die woord van die HERE het tot hom gekom en vir hom gesê: Wat maak jy hier, Elía?

1 Ki 19:10 En hy antwoord: Ek het baie geywer vir die HERE, die God van die leërskare; want die kinders van Israel het u verbond verlaat, u altare afgebreek en u profete met die swaard gedood, sodat ek alleen oorgebly het, en hulle soek my lewe om dit weg te neem. --- en hjy herhaal dit in vers 14 !!!

1 Ki 19:15 Maar die HERE sê vir hom: Gaan terug op jou pad na die woestyn van Damaskus, en gaan heen en salf Hásael as koning oor Aram. v.16 En Jehu, die seun van Nimsi, moet jy salf as koning oor Israel; en Elísa, die seun van Safat, uit Abel-Mehóla, moet jy salf as profeet in jou plek.

Saul

1 Sa 15:14 Daarop vra Samuel: Maar wat vir 'n geblêr van kleinvee is dit in my ore en 'n gebulk van beeste wat ek hoor?

1 Sa 15:21 Maar die manskappe het van die buit kleinvee en beeste geneem, die beste van die bangoed, om aan die HERE u God in Gilgal te offer.

1 Sa 15:28 En Samuel sê vir hom: Vandag het die HERE die koningskap oor Israel van jou afgeskeur en dit aan jou naaste gegee wat beter is as jy.

Gehasi

2 Ki 5:25 Toe hy dan inkom en by sy heer staan, sê Elísa vir hom: Vanwaar, Gehási?

En hy antwoord: U dienaar het nêrens heengegaan nie.

2 Ki 5:27 Daarom sal die melaatsheid van Naäman jou en jou nageslag vir ewig aanklewe. En hy het van hom uitgegaan melaats, soos sneeu.

Visit www.whatafriend.co.za for more information. These articles are given freely to everybody. You may use this material freely in your home, or church. You may also reproduce for non-commercial purposes, provided that you include copyright and contact information. All other uses, or selling is illegal.